



Vak: Graad 8 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal
2 - Eksamen 1
Totaal: 103 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3



Vraag 1: Veelvuldige Keuse

4 punte

Cecil John Rhodes het in 1890 eerste minister van ... geword.

- | | |
|----------|-------------------------------|
| A | die Kaapkolonie |
| B | Die Oranje-Vrystaat |
| C | Die Suid-Afrikaanse Republiek |
| D | Suid-Afrika |

Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Identifiseer die kolonie op die kaart wat ontstaan het deur middel van 'n groep mense wat deur Adam Kok 1 gelei was.



Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

In die vroeë 1870's is ryk diamantvelde ontdek in Griekwaland-Wes. Beide (1) en (2) het aanspraak gemaak op dié gebied.

Gee die antwoorde in alfabetiese volgorde.

Opsies Is: die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) | die Kaapkolonie | Oranje-Vrystaat | Bechuanaland

1		2	
---	--	---	--

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 4, 5, 6

1913 Inboorling Grondakte

Die volgende is 'n uittreksel van die 1913 Inboorling Grondakte. Bepaling 5 hieronder praat van die gevolg om swart mense toe te laat om grond in "wit" areas te verkoop of te huur.

"5(1) Enige persoon wat 'n medepligtige is om enige aankope te maak, of te verkoop, huur of verhuur, of tot enige ooreenkoms of transaksie wat in teenstelling met hierdie Akte of enige regulasie daaronder gemaak, sal skuldig wees aan 'n oortreding en aanspreeklik wees tot 'n boete nie meer as eenhonderd pond nie. Of by gebrek/versuim aan betaling tot gevangeneskap met of sonder harde arbeid vir 'n periode van nie langer as ses maande nie. As die handeling waaruit die oortreding saamgestel is aanhou, sal die oortreder aanspreeklik wees tot 'n verdere boete nie meer as vyf pond vir elke dag waartydens die handeling aanhou.

(2) In die geval van so 'n oortreding wat deur 'n maatskappy, koöporasie, of enige liggaam van persone (nie 'n firma of vennootskap nie), enige direkteur, sekretaris of bestuurder wat in die Unie is, aangegaan word, sal aanspreeklik gehou word vir vervolging en straf en in die geval van enige sulke oortreding wat deur 'n firma of vennootskap aangegaan word, sal elke lid van die firma of vennootskap wat in die Unie is, aanspreeklik wees vir vervolging en straf."

Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Die Apartheidsregering wou al die (1) in die "tuislande" hou wat rofweg (2) van die totale area van Suid-Afrika bestaan het. Hulle het dit gedoen om die verskillende rasse te (3) en om die (4) te ondersteun wat teen die vorige pagboere (huurders) kompeteer het vir werk op die plase.

Hulle was selfs bereid om diegene wat grond aan die "inboorlinge" verhuur het te beboet of in die tronk te gooi.

Opsies Is: arm wit plaasarbeiders | ryk witboere | swart Afrikane | kleurling en swart | saam weg van witmense | 93% (drie-en negentig persent) | skei | 7% (sewe persent) | 50% (vyftig persent)

1		2	
3		4	



Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

In watter jaar is die 1913 Inboorling-Akte herroep?

--

Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n (visuele / mondelingse / geskrewe / argeologiese) bron.

--

Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende

10 punte

Die Minerale Revolusie word as 'n belangrike (1) in Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou omdat die ontdekking van goud en diamante tot Suid-Afrika se (2) gelei het. Die ryk (3) het die minerale rykdom besit en die regering beïnvloed om beleide te skep wat 'n deurlopende toevoer van goedkoop arbeid verseker het. Die Britte het nuwe belasting ingestel wat Afrikane gedwing het om as (4) te werk. Ten spyte van die voortdurende onderdrukking van swart mense tydens hierdie periode, was daar deurlopende (5) deur nuutgestigte politieke organisasies en gewone mense.

Opsies Is: Industriële Revolusie | trekarbeiders | Randhere | weerstand | keerpunt

1	
3	
5	

2	
4	

Vraag 8: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Die Satyagraha-veldtog van 1913 tot 1914 is deur (1) gelei en het stakings en ander (2) optogte ingesluit. Dit was 'n weerstand teen (3) wat op Indiese Suid-Afrikaners gemik was sowel as beperkings teen tradisionele Indiese troues.

Opsies Is: Dube | belastingwette | nie-geweldadige | Gandhi

1	
3	

2	
---	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 9, 10



The History of South Africa. (2009). Show Me: South Africa (online). <http://showme.co.za/facts-about-south-africa/history-of-south-africa/the-history-of-south-africa/>. (21 March 2016).

Vraag 9: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter van die volgende is nie 'n gevolg van die rondswerwende arbeidsstelsel in Suid-Afrika nie?

- | | |
|----------|--|
| A | Deel van die lae loon vir rondswerwende werkers is in alkohol betaal. Dit beteken dat baie van die werkers alkoholiste geword het. |
| B | Rondswerwende werkers was dikwels weg van hul gesinne vir lang periodes wat beteken dat gesinstrukture na 'n ruk opgebreek het. |
| C | Rondswerwende werkers is op kleiner gronddele geforseer, dus kon hul nie bekostig om saam met hul families te leef nie. |
| D | Rondswerwende werkers het tyd in 'n Europese kultuur bestee. Hulle het dus baie van die waardes en norme/standaarde van hul tradisionele kultuur verloor - dikwels tot hul nadeel. |

Vraag 10: Waar/Onwaar

2 punte

Hierdie bron is 'n sekondêre bron, want dit is 'n kopie van die oorspronklike foto.

WAAR

ONWAAR


Vraag 11: Waar/Onwaar

2 punte

Lae belasting is gehef op Britse goedere wat na Indië toe gegaan het.

WAAR**ONWAAR**

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 12

**Vraag 12: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

In 1830, het George Stephens die stoomenjin, genoem die ..., ontwikkel. Dit het 'n trein se waens oor 'n spoorweglyn getrek.

Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Met al die geskikte werkers op die myne, is net die (1) agtergelaat om die plase by hul woonhuise te bewerk. Sonder die jongmans het landbouprodukte afgeneem, want diegene wat agtergelaat is, was te (2). Die wat agtergelaat is, was ook (3) wat beteken het dat die grond vernietig is vir verder gebruik. Dit te same met die feit dat die mans op die myne (4); het beteken dat families by die woonhuise min kos produseer het en geen manier gehad het om kos te koop nie.

Opsies is: swak om te saai en oes om almal te voer | kinders | besig om skool toe te gaan of te werk as huishulpe | baie min van hul lae lone huis toe kon stuur | vrouens en kinders | swak ou mans, vrouens en kinders | onkundig oor die korrekte boerdery tegnieke | dikwels hul families gelos vir vrouens in die stad

1	
3	

2	
4	

Vraag 14: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die Indiërs wat op die plantasies van die Natalse kolonie gewerk het, was bekend as ... werkers.

--

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die vasgestelde prys van goud wat die waarde van die wêreld se geld beheer, staan bekend as die Dis die prys waarteen 'n land se geldeenheid 'n ons goud kan koop.

--



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 16, 17, 18

I. W. W.'s IN SUID-AFRIKA

Organisasie gestig tussen die naturelle/inboorlinge in Durban.

Johannesburg, Unie van Suid-Afrika, Julie 18.

By die voorlopige verhoor van S. P. Bunting, voormalige Provinsiale Raadslid: S. Hanscomb, en 'n man genaamd Tinker, wat arresteer is op 7 Julie vir medepligtigheid met die dreigende oproer van die naturelle/inboorlinge in Suid-Afrika, wat vandag hier gehou is, is daar getuig dat Bunting by verskeie vergaderings die voorsitter was waar die naturelle/inboorlinge aangemoedig is om teen die kapitaliste te organiseer.

Dit is ook berig dat 'n tak van die Industriële Werkers van die Wêreld gestig is tussen die naturelle/inboorlinge in Durban.

Bron: Die New York Times, gepubliseer: Julie 19, 1918

Philips, J. (2015). The South African Wobblies: The Origins of Industrial Unions in South Africa. Libcom (online).

<https://libcom.org/history/south-african-wobblies-origins-industrial-unions-south-africa-john-philips>. (24/03/2016).

Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hoekom is die Afrikane se handelsunies verban?

- | | |
|----------|---|
| A | As die Afrikane migrante werkers gestaak het vir beter lone, sou niemand in die myne gewerk het nie. |
| B | Die myneienaars was rassiste en wou hulle nie toelaat om saam te span teen hul nie. |
| C | 'n Afrikane handelsunie sou die migrante werkers oortuig het om nie vir sekere myne te werk nie, behalwe as daar aan hul eise vir hoër lone voldoen is. |
| D | Op hierdie manier kon die migrante werkers nie vir beter werksomstandighede of beter lone onderhandel nie. |

Vraag 17: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die ... (IKU) was die eerste handelsunie in Suid-Afrika wat die regte van die swart werker verteenwoordig het. Dit was informeel gekoppel met die Industriële Werkers van die Wêreld ('n internasionale werkers-handelsunie).

Vraag 18: Waar/Onwaar

2 punte

Hierdie bron is 'n primêre bron omdat dit in 1918 gedurende die tyd van die stakings deur Afrikane/Bantoes in Durban geskryf is.

WAAR

ONWAAR

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 19**Cecil John Rhodes**

Rhodes het kort nadat hy die skool verlaat het, siek word. Omdat asma sy longe geaffekteer het, is daar besluit dat hy sy broer, Herbert, wat na Natal geëmigreer het, moet gaan kuier. Beide Rhodes en sy vader het geglo dat besigheidsgeleenthede in Suid-Afrika vir hom 'n beter toekoms sou bied as om in Engeland aan te bly. Rhodes het op 'die jong ouderdom van 17, op 1 September 1870, in Durban aangekom. Hy het drie duisend pond van sy tante geleen en saamgebring om te gebruik en om in die diamantdelwery by Kimberley te belê.

Na 'n kort verblyf by die Landmeter-Generaal, Dr. P.C. Sutherland in Pietermaritzburg, het Rhodes by sy broer aangesluit by sy katoenplaas in die Umkomaarvallei in Natal. Teen die tyd wat Rhodes by die plaas aangekom het, het sy broer alreeds die plaas verlaat om 650 kilometer Noord na die diamantvelde in Kimberley te reis.

Rhodes het alleen op sy broer se plaas met katoen geboer en dit verkoop. Daardeur het hy homself as 'n gerekende besigheidsman op 'n jong ouderdom gevestig. Katoenboerdery was egter nie Rhodes se passie nie. Die diamantvelde het hom geroep. In Oktober 1871 het hy op agtienjarige ouderdom Natal verlaat om sy broer na die diamantvelde in Kimberley te volg. In Kimberley het hy by die delwery sy broer se klein bestuur en ook namens hom met diamante gespekuleer. Van sy kennise met wie hy onder andere geassosieer het, was John X Merriman en Charles D. Rudd van die ongewilde Rudd Konsessie. Hulle het later sy vennote geword in die De Beers Mynmaatskappy.

Source: <http://www.sahistory.org.za/people/cecil-john-rhodes>

Vraag 19: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Voltooi die volgende sin met EEN woord:

Alhoewel Cecil John Rhodes 'n suksesvolle ... boer was, was sy hart nie in boerdery as 'n besigheid nie.



Vraag 20: Waar/Onwaar


2 punte

Rondswerwende arbeid is wanneer los en ongeskoolde werkers van hul huise getrek het opsoek na werk in ander lande, gewoonlik vir 'n seisoen of tydelike basis.

WAAR**ONWAAR****Vraag 21: Waar/Onwaar**

2 punte

Voor die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 kon sommige kleurling- en Afrika-mans in die Kaap stem.

WAAR**ONWAAR****Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 22**

Map of Southern Africa in the late 1800's

Vraag 22: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

In die 1800's het die Britte beide (1) en (2) verklaar as Britse kolonies.

Opsies Is: die Kaapse Kolonie | Griekwaland-Oos | Natal | Zoeloeland

1**2**

Vraag 23: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Maatskappye van die stad Bristol het skepe gestuur om slawe in Wes-Afrika te vang. Bristol het (1) van die slawehandel in die 18de eeu beheer. Handelaars het 'n groot profyt van (2) gemaak.

Opsies Is: 20% | 50% | 40 - 80% | 50 - 100%

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 24: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

In Indië, het die Britte moderne tegnologie ingebring met die bedoeling om vervaardigde goed soos tekstiele en masjiene vir 'n wins te verkoop. Indië het weer voordeel getrek met (1), (2), (3) en (4).

Opsies Is: die bou van spoorweë | geregshoue en siviele dienste | skole en universiteite | fabriekke | winkels | plase

1	
3	

2	
4	



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 25
Indiese kontrakarbeiders invoer kolonies

Naam van kolonie en aantal werkers wat vervoer is:

- Mauritius - 453 063
- Britse Guyana - 238 909
- Trinidad - 143 939
- Jamaika - 36 412
- Grenada - 3 200
- St Lucia - 4 350
- Natal - 152 184
- St Kitts - 337
- St Vincent - 2 472
- Reunion - 26 507
- Suriname - 34 304
- Fidji - 60 965
- Oos-Afrika - 32 000
- Seychelle - 6 315

Totaal: 1 194 957

Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Indian_indenture_system

Vraag 25: Skryf Jou Antwoord

3 punte

In 1860, het die SS Truro in Durban aangekom, met 300 Indiese kontrakwerkers. Oor die volgende 50 jaar, het ... (afgerond tot die naaste 100) meer Indiese kontrakwerkers aangekom.

Vraag 26: Waar/Onwaar

2 punte

Die Tory regering het die boere verteenwoordiging in die Engelse Laerhuis gegee.

WAAR

ONWAAR

Totaal: 103 Punte